AUGUSTUS 2013
UITGAWE 02

FYNBOSFIRE

# FYNBOSEIRE IN THE NEWS

# Hierdie keuse kan grondeienaars miljoene bespaar

By Jo-Anne Smetherham

Grondeienaars in landelike gebiede staan voor 'n moeilike keuse wat die gevaar van wegholbrande betref.

Hulle kan die risiko wat dit vir hul lewens en eiendom – en dié van hul bure inhou – ignoreer, of hulle kan aansluit by die pogings om dié risiko te bestuur, wat dit dramaties laat afneem – en hulself die kostes van eise van miljoene bespaar.

Daar is 'n grondige model om die risiko van veldbrande te bestuur, en 'n bewese rekord wat wys dat hierdie benadering werk.

'n Paar jaar gelede het Dave Hodgson, 'n lusern- en beesboer in die Langkloof, 'n pyplyn en van sy plaasheinings verloor in 'n brand wat weens weerlig ontstaan het.

"Ek sou veel, veel meer verloor het, as dit nie was vir die Brandbestrydingsvereniging (BBV) nie", sê hy. "Voorkomende maatreëls was die belangrikste ding. Ons het brandpaaie gehad en opgeleide personeel en 'n goed gekoördineerde en verspreide brandbestrydingspoging in plek gehad.

"Voor die BBV bestaan het, en mense ordentlik opgelei is, was daar werkers wat brande gaan bestry het in plastiek-reënjasse. Die belang van voorkoming kan nie genoeg benadruk word nie."



'n Groot getal BBV's is in landelike gebiede dwarsoor die land, asook op die grense van stedelike gebiede – in ooreenstemming met die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande van 1998 – saamgestel. Hierdie wet omskryf die verantwoordelikhede van grondeienaars wat betref veldbrande, die verantwoordelikhede van BBV's in die bestuur van brande en die voorkoming van ongewenste brande, en die prosedures wat gevolg moet word wanneer brande uitbreek.

Die wet verklaar dat enige grond-eienaar waar 'n brand mag uitbreek, of waarvandaan dit mag versprei, bereid moet wees om brandpaaie te onderhou en moet verseker dat hulle die toerusting, beskermende klere en opgeleide mense het, wat nodig is om sulke brande te beveg.

Indien 'n brand versprei na iemand anders se grond en sy of haar eiendom vernietig, is die eienaar van die grond waar die brand begin het, finansieel aanspreeklik. Die lede van 'n BBV is egter gewoonlik beskerm teen hierdie aanspreeklikheid, indien hulle kan bewys dat hulle redelike stappe geneem het om die skade te verhoed.

Lidmaatskap van 'n BBV kos so min as 'n paar honderd rand per jaar vir privaat grondeienaars, afhangend van die grootte van hul eiendom.

Die fooi is beslis die maatreëls wat ingestel kan word werd, om te verhoed dat brande hul eie eiendom vernietig en verhoed dat groot eise kan spruit uit 'n brand wat op hul grond ontstaan en versprei.

a2 FF Article LeafletAFR.indd 1
8/29/13 11:02 AM

Charl du Plessis is die bestuurder van die Groot Sederberg BBV, wat 98% van die Weskus Munisipaliteit in die Wes-Kaap beslaan, en bestuur die veldbrandrisiko oor ’n totaal van twee miljoen hektaar grond.

Die onlangse brande in die Sederberge sou nie geblus kon geword het sonder die gekoördineerde pogings van die Groter Sederberg BBV nie, sê hy. Die brande het vir weke gewoed in onbereikbare dele van die Sederberge, maar die BBV het verhoed dat enige skade aangerig is aan landbougrond of infrastruktuur.

Soos ander groot BBV’s is die Groter Sederberg BBV verdeel in bestuurseenhede om brande op plaaslike vlak te beheer.

’n Ander groot en doeltreffende BBV is die Suid-Kaap BBV, wat ’n reuse vier miljoen hektaar grond dek wat dele van die Wes-Kaap en Oos-Kaap insluit. Hierdie BBV dek die hele Eden munisipale gebied, Tsitsikamma, die Langkloof en Baviaanskloof.

Brandbeskermingsverenigings bestuur die risiko van veldbrande op die stedelike grense, sowel as in landelike gebiede. Philip Prins, bestuurder van die Tafelberg Nasionale Park se Brandbestuursdepartement, wys daarop dat alle grondeienaars op die stedelike grense van Kaapstad die risiko loop om deur veldbrande oorval te word.

Op hul eie kan hierdie grondeienaars nie die wettige vereistes nakom om veldbrande te verhoed en te bestry nie.

“Ons wil hê dat alle grondeienaars aan die stedelike grense moet deel word van ons pogings,” sê Prins.

Die Kaapse Skiereiland BBV se lede se werk wat voorkoming, die opspoor van brande en die inlig van die Brandbeskermingsbeampte daaroor insluit, lei gereeld tot die blus van vlamme wat andersins eiendom sou bedreig het, sê hy.

Daar is nou nege oorkoepelende BBV’s – een vir elke provinsie, wat die belange van hul lede verteenwoordig. ’n Nasionale sambreelliggaam, die Nasionale Veldbrand-bestuursadviesforum (NVFMAF), is laat verlede jaar gestig om die provinsiale liggame in staat te stel om van mekaar te leer, te verseker dat gemeenskaplike standaarde gehandhaaf word en om die BBV’s by die regering te verteenwoordig.

Deskundiges stem saam dat Geïntegreerde Brandbestuur Intergrated Fire Management (IMF) die beste strategie is vir die bestuur van die risiko van wegholbrande, en die BBV’s wat die beste funksioneer het die IMF aanvaar. Dis ’n holistiese benadering wat insluit dat ongewenste vure beveg word met brandpaaie en beheerde brande, dat ’n veldbrand toegelaat word om uit te woed indien dit benodig word om die inheemse veld te laat herleef; om uitheemse plantegroei te verwyder wat groot wegholbrande kan veroorsaak; om veldbrande te blus wat dalk geboue of plase kan afbrand, en die bevordering van brandbewustheid in die omringende stede en dorpe.

BBV’s het hulself bewys; die uitdaging is om die effektiwiteit van dié wat nog nie goed funksioneer nie, te verbeter en om die finansiële volhoubaarheid van almal te bevorder. Die BBV’s word hoofsaaklik befonds deur ‘n verskeidenheid skenkings, soos die gebruik van geboue en landingstroke van hul lede, asook lidmaatskapsgelde.

Vir BBV’s om wesenlik te groei, moet hulle help om aan grondeienaars hulpbronne te verskaf – van radio’s tot “bakkie sakkies” of watervoertuie – en die dienste van ’n brandvoorligtingsbeampte, wat die werk van die BBV kan verduidelik aan voornemende lede en raad en bystand kan verleen.

Die uitdaging is om die ledegetalle binne elke BBV te vermeerder tot die punt waar die voorligtingsbeampte se salaris gedek word.

“Dit is ’n moeilike situasie,” sê Paul Gerber, voorsitter van die Suid-Kaap BBV . “Ons moet ons lidmaatskap vergroot, maar om te groei benodig ons hulpbronne.”

Die Fynbosbrandprojek verskaf aan BBV’s in die fynbos-bioom die hulpbronne om hulle te help om in die langtermyn selfonderhoudend te word. Hierdie hulpbronne sluit die salarisse van die voorligtingsbeamptes in. Die projek het baie ander doelstelling om die BBV’s in die fynbos-bioom te bevorder, insluitend bystand met die aanvaarding van Geïntegreerde Brandbestuur, die verbetering van die kwaliteit van weerdata en die ontwikkeling van aansporings om gedragverandering onder grondeienaars en bedreigde gemeenskappe te bevorder. Die projek is ’n multimiljoenrand inisiatief tussen die Suid-Afrikaanse regering, die Verenigde Nasies Ontwikkelingsprogram en die Global Environment Facility. Die uiteindelike doel is om, in die lig van die veranderende klimaat, ’n volhoubare brandbestuursmodel te ontwikkel wat regoor die land kan versprei, en selfs na ander lande uitgebrei kan word.

Daar is geen twyfel dat BBV’s selfonderhoudend kan word nie, sê Pieter Dorrington, bestuurder van die oorkoepelende Wes-Kaap BBV en sekretaris van die nasionale organisasie. “Sommige distrikte slaag nie, omdat die rolspelers oënskynlik nie wil saamwerk nie. Maar in ander gebiede werk dit beslis.

“Dit vereis streng bestuur, maar ons beskik reeds daaroor in ons BBV’s. Die manier waarop hulle saamwerk is werklik wonderlik, en uiters effektief.”

Die antwoord is om elke grondeienaar wat wettig verantwoordelik is vir brandbestuur oor te haal om by die plaaslike BBV aan te sluit.

“Ons soek nie meer na ’n brandbestuursmodel wat werk nie. Ons het reeds een,” sê hy. “Die program is bestem vir sukses.”

environmental affairs
Department: Environmental Affairs
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Western Cape Government

Province of the EASTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

UNDP
Empowered lives. Resilient nations.

gef

FFA GROUP OF COMPANIES
FIRST IN INTEGRATED FIRE MANAGEMENT




a2 FF Article LeafletAFR.indd 2 8/29/13 11:02 AM